# RUGBYBELEID

## 1. INDELING VAN SPANNE EN AFRIGTERS

1.1 Die indeling van spanne en afrigters word jaarliks deur die rugbyhoof, in samewerking met die sporthoof, gedoen. Die volgende aspekte word in ag geneem:

- Kwalifikasie van afrigter
- Ondervinding met spesifieke ouderdomsgroep
- Entoesiasme
- Afwisseling vir potensiële groei

Hierdie indeling sal jaarliks hersien en indien nodig aangepas word.

1.2 o/13A-span het die voorreg om twee afrigters te hê. Indien daar afrigters en fondse beskikbaar is, kan dit ook vir o/11A- en o/9A-spanne oorweeg word. Versoeke sal oorweeg word in belang van die spel en die skool.

1.3 Die hoofafrigters van die onderskeie ouderdomsgroepe van die A- en B-spanne moet sover moontlik 'n onderwyser van die skool wees. Konsultante kan aangestel word om hul by te staan.

1.4 Alle afrigters moet oor `n geldige BokSmart akkreditasie beskik.

## 2. STUDENTE EN HULPAFRIGTERS

2.1 Daar mag van buite-afrigters (ouers, studente, kundiges) gebruik gemaak word.

2.2 Ouers wat self erkende spelers is/was of gekwalifisserde afrigters is mag as konsultante betrek word om te help met afrigting. Hulle sal egter nie alleen 'n span afrig nie.

2.3 Studente-afrigters moet tydens wedstryde beskikbaar wees. Indien dit nie moontlik is nie, moet ‘n vooraf reëling getref word oor wie verantwoordelikheid oor die span het gedurende die wedstryd.

2.4 Buite-afrigters wat as skeidregters kan optree mag oorweeg word indien die skool nie genoegsame skeidsregter beskikbaar het nie.

3. <u>PROEWE</u>

3.1 Informele skoolproewe word aan die einde van die vierde kwartaal gehou in ouderdomsgroepe wat aan toere en toernooie in die volgende jaar deelneem.

3.2 Finale proewe word in die daaropvolgende Februarie gehou om spanne te kies wat betrokke is by die aandliga en toere.

3.3 Die jaargroepe waarin seuns deelneem is as volg:

6 en 7 jaar is o/7

8 en 9 jaar is o/9

10 en 11 jaar is o/11

12 en 13 jaar is o/13

14 jaar en ouer. Geen o/14 leerder mag by laerskole deelneem nie en moet by hoërskole inskakel.

Afrigters moet verseker dat daar nie ‘n speler in ‘n span is wat te oud is nie.

3.4 Vir die kies van **toerspanne** word almal in die ouderdomsgroepe o/11 en o/13 genooi om hul name en voorkeur posisie op ‘n lys by die betrokke afrigter op te gee. Dit moet egter vroegtydig duidelik gekommunikeer word dat toerspanne nie noodwendig die ligaspanne is nie. Datums vir toere moet vroegtydig aan ouers gekommunikeer word. Ouers moet ook vroegtydig aandui of hulle kind(ers) beskikbaar is om die toer by te woon, om ander spelers wat wel beskikbaar is genoegsame voorbereidingstyd te voorsien.

3.4.1 Die afrigter stel soveel moontlike spanne saam en nooi die spelers om deel te neem.

3.4.2 Na die eerste rondte proewe word twee spanne gekies wat aan ‘n volgende rondte proewe deelneem.

3.4.3 Na afloop van die proewe word 18 spelers aangewys, met die moontlikheid dat nog twee spelers later bygevoeg kan word.

3.4.4 Geleentheid word gegee vir nuwe seuns wat by die skool inskryf om hulself te bewys en deel te word van die toergroep.

3.5 Vir die kies van o/9 spanne word alle seuns in vier groepe verdeel.

3.5.1 Vier spanne word gekies wat in wedstrydformaat teen mekaar speel.

3.5.2 Afrigters sal na afloop van die finale rondte proewe hul spanne kies.

3.5.3 Dit staan die afrigter vry om spelers te ruil soos wat hy verkies.

3.5.4 Mede-afrigters moet gebruik word om te help met spankeuses.

4. <u>SPANVERKIESING</u>

4.1 Spanverkiesing vind na afloop van die aandligas (o/11 en o/13) plaas, behalwe in gevalle waar sekere spanne aan toere gaan deelneem. Sien die jaarprogram vir vasgestelde datums.

4.2 Die eerste paar wedstryde voor die liga begin dien steeds as proewe in ons strewe om die beste span te kies.

4.3 Indien ‘n speler se vaardighede nie by die spelpatroon pas nie, mag die afrigter die speler met ‘n ander speler van dieselfde ouderdomsgroep uitruil. Dit kan deurlopend deur die seisoen gedoen word en afrigters moet dus gereeld met mekaar kommunikeer.

4.4 ‘n Speler mag nie **meer** as een span op- of afgeskuif word na die speel van **een** wedstryd nie (tensy die skuif is a.g.v. onbeskikbaarheid van spelers in ‘n hoër span).

4.5 Goeie spelers mag nie teruggehou word en hom van die voorreg ontneem om op ‘n hoër vlak te speel nie.

4.6 A- en B-spanne kies hul sterkste spelers vir die span. Om meer kinders wedstryd-blootstelling te gee moet C- en D-spanne ekstra spelers akkommodeer deur spelers op ‘n rotasie basis uit te ruil vir wedstryde.

4.7 Indien ‘n hoër span nie op ‘n dag ‘n wedstryd speel nie, mag geen speler van die hoër span vir die laer spanne in wedstryde gebruik word nie. Dit is om regverdige blootstelling aan alle spelers te voorsien.

4.8 Impakspelers wat reeds vir ‘n laer span gespeel het, maar as reserwe optree, hoef nie noodwendig te speel nie, maar indien dit nie die geval is nie, moet hulle ‘n

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.co.za | www.tjokkies.co.za

kans gegun word. Ruiling moet na halftyd of ‘n besering gemaak word. Hierdie reëling moet duidelik met die seuns gekommunikeer word.

4.9 Afrigters word aangemoedig om veranderinge in spankeuses deeglik met die betrokke spelers te bespreek.

5. AFWESIGHEDE

Indien daar ‘n speler afwesig is by oefeninge, mag die afrigter die beste speler in die betrokke posisie van die laer span kies vir wedstryde. Dit moet vroegtydig met die betrokke laer span se afrigter gekommunikeer word. Indien spelers sonder geldige verskoning oefeninge misloop, kan spelers uit die laer spanne die geleentheid gegun word om in die hoër span te oefen en oorweeg te word vir die span in die volgende wedstryd.

6. OEFENINGE

6.1 Oefeninge word vasgestel aan die begin van elke seisoen en word op die kwartaalikse buitemuurse rooster aangedui.

6.2 Seuns wat gedurende die eerste kwartaal betrokke is by atletiek, swem, tennis en skaak moet voorkeur geniet by dié sportsoorte en moet die geleentheid gegee word om proewe te speel sodra hul beskikbaar raak.

7. OEFENTYE

7.1 Gedurende die rugbyseisoen word daar op Maandae en Donderdae vir ‘n uur op die rugbyveld geoefen soos op die buitemuurse rooster aangedui.

7.2 Maandae en Donderdae word uitgesit vir ligawedstryde, maar indien daar nie op die betrokke dag geskeduleerde wedstryde sou plaasvind nie, word die Maandagrooster herhaal. Afrigters moet hou by die oefentye soos aan hulle deurgegee.

7.3 Gedurende die voorseisoen mag Dinsdaemiddae van 16:00-17:00 asook Vrydaemiddae van 14:00-16:00 gebruik word vir vaardigheidsoefeninge.

7.4 Gedurende kwartaal 1 en kwartaal 4 mag vaardigheidsoefeninge met die junior leerders gedurende skoolure gedoen word.

8. BELANGRIKE PUNTE VIR AFRIGTERS

8.1 Wees altyd betyds by die oefeninge.

8.2 Wees voorbereid vir elke oefening/wedstryd en gebruik moderne apparaat en toerusting waar moontlik. Benut die skool se toerusting!

8.3 Goeie dissipline moet gedurende die oefening/wedstryd heers.

8.4 Afrigters verteenwoordig die skool en moet dus ten alle tye die naam van die skool beskerm. Afrigters moet sover moontlik nie met skeidsregters, ouers of afrigters/onderwysers van ander skole in argumente betrokke raak nie.

8.5 Gemaklike oefenklere moet deur die afrigter en spelers gedra word.

8.6 Indien ‘n afrigter weens omstandighede nie die dag ‘n oefening kan bywoon nie, moet hy met ‘n ander afrigter reël om sy afrigtingsessie te hanteer. Indien daar geen afrigter betrokke is kan die oefening gekanselleer word, mits dit die vorige dag aan die spelers en ouers deurgegee word.

8.6.1 Slegs in noodgevalle soos reën en siekte kan oefening op dieselfde dag gekanselleer word.

8.6.2 Seuns moet die geleentheid gegee word om ouers te kan skakel indien die kansellasie hulle en die ouers se reëlings raak.

8.6.3 Lig die kantoor, asook die oefengroep, in rondom enige veranderinge t.o.v. van reëlings.

8.7 Buite-afrigters wat nie by die oefening kan wees nie, moet betyds by die rugbyhoof en Direkteur van Sport verskoning maak sodat alternatiewe reëlings getref kan word.

8.8 Indien ‘n afrigter nie ‘n wedstryd weens omstandighede kan bywoon nie, moet ‘n kollega u span namens u hanteer. Die rugbyhoof is verantwoordelik vir hierdie reëling.

8.9 Na afloop van elke oefening/wedstryd is die afrigter en spelers verantwoordelik vir die netheid van die veld.

8.9.1 Sorg dat alle toerusting op die korrekte plek gebêre word.

8.9.2 Sluit alle store.

8.9.3 Alle papiere, bottels en klerasie moet verwyder word.

9. TOERE EN KLERASIE

9.1 o/11A- en B- en o/13A- en B-spanne kan aan toere of toernooie deelneem indien hulle deur die gasheerskool geakkommodeer kan word. Daar mag soms geleenthede vir die o/9 spanne wees om te toer. Dit moet egter in die begin van die seisoen goedgekeur word deur die skool se sportkomitee en vroegtydig na die ouers gekommunikeer word.

9.2 Klerasie vir die toergroepe moet in oorleg met die klerebeleid wees. (Let op na riglyne van seniorspanne)

10. ANDER PLIGTE

10.1 'n Werksverdeling met sekere verantwoordelikhede word jaarliks opgestel.

10.2 Afrigters word op 'n rotasie basis gebruik en moet toesien dat hul hierdie pligte stiptelik uitvoer.

10.3 Alle afrigters moet beskikbaar wees vir pligte tydens rugbydae en ander tuiswedstryde, sowel as wegwedstryde en toere.

10.4 Tydens wegwedstryde word daar van afrigters verwag om busdiens te doen.

10.4.1 Soms gebeur dit dat die netbalwedstryde voor die rugbywedstryde afgehandel is. Die betrokke afrigters wat verantwoordelik is vir daardie dag se busdiens kan met die netbalafrigters reël wat saam met hulle op busdiens was of dit nodig is dat die dames moet wag tot die rugbywedstryde afgehandel is en of alternatiewe reëlings getref kan word.

11. OUERS/TOESKOUERS

11.1 Ouers se ondersteuning word te alle tye hoog op prys gestel.


11.2 Ouers mag nie met spankeuses en oefeninge inmeng nie. Indien 'n ouer 'n probleem/navraag het, moet dit skriftelik by die sporthoof ingedien word (sportnavrae@tjokkies.co.za). Navrae oor logistieke reëlings (bv. wedstryd tye, kleredrag en vervoer) mag egter direk aan die afrigter gerig word.

11.3 Enige ouer wat hom/haar wangedra tydens wedstryde mag deur die betrokke afrigter, organiseerder, sporthoof of skoolhoof gevra word om die terrein te verlaat.

11.4 Indien ‘n ouer hom/haar herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak, sal die Beheerliggaam teen die ouer optree.

11.5 Geen ouers mag op die speelveld wees tydens wedstryde nie. Dit sluit in halftyd gesprekke deur afrigters met spelers

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM IN NOVEMBER 2025**



Mnr Wessel Groenewald

Voorsitter van die Beheerliggaam